

# NOMADES

## Oktober 2014 nuusbrieff / Roeteterugvoer

2014/10/12



Goiedag aan elkeen.

### Bokkraal Waterfall Valley - Swartruggens, 19 tot 21 September 2014

Christo Vlok, Wilna Moolman; Erika Barnard, Leonore van der Merwe; Magda Grobler, Janie Steinmann; Ron Nothard, Laetitia Visagie; Sue van Eeden; Phrina Oosthuizen, Daniela; Jannes van Ryssen, Marius Stander, Helene Gertenbach;  
14 persone stap saam.



Die roete instruksies wat die roetebestuurder vir ons gestuur het is redelik duidelik en met enkele verby-'n-afrif-ry en ander foutjies kom almal daar aan. Die laaste sowat 22 km is op 'n groot grondpad (rigting Zeerust) en nog 'n kort entjie, sowat 1.5km tot by die plaashek met sy riet-heining (S25° 48' 14.4", E26° 26' 55"). Dan nog seker so 2km tot by die huise.

Sommiges via die N14-Muldersdrift-Magaliesburg-Derby-koster-roete en ander via die Rustenburg-Swartruggens opsie. Opsie 1 se pad is goed maar vloei stadig agv spoedbeperkings. Opsie 2 vloei beter, maar is heelwat besiger en die tolgelde is sowat R40 per rigting.



Rhebok Huis.



Bremer Huis

Ons akkomodasie is in twee ou plaashuise, elkeen met sy eie karakter.

Rhebok huis was die kleiner huis met 'n stoep aan 2 kante en die 2de badkamer met die stort buite op die stoep en die binnebadkamer met die ou groot pootjiesbad. 3 kamers wat elk 2 slaap en 'n 4de kamer wat 3 kan slaap. 2 van die beddens was 3/4 gewees. Die dokumentasie het aangedui hier kan net 6 slaap, maak ek het gevra vir sover moontlik enkel beddens en vermoed hulle het toe bv in die sitkamer die 2 ekstra enkel beddens ingesit. Marius, Jannes, Janie, Magda, Ron, Laetitia en Helene slaap hier.



Bremer huis het die lekker groot oop stoep/braaiarea gehad waar ons beide aande gebraai en gekuier het. Die kombuis is meer modern en baie netjies. 3 Slaapkamers wat elk 2 slaap en dan nog twee beddens in die groot sitkamer/eetkamer wat ons nie eers benut het nie. 8 persone kon hier slaap. By die Bremer huis is ook 'n klein A-Raam huisie wat gebruik sou kon word. Hier is ook 'n lekker yskoue swembad met natuurlike rivierwater wat deur die swembad gekanaliseer word. Dit moet dalk eers ietwat warm wees voordat die' fasiliteit meer aftrek sal kry.

Beide het elektrisiteit, warm water en ten volle toegeruste kombuise met yskas, ketel, stoof en self 'n broodrooster. Beddegoed word voorsien. Wilna, Christo, Phrina, Daniela, Leonore, Erika en Sue slaap hier.




Ronel, die roetebestuurder, het vir my die mees unieke 'roete-kaart' gestuur vir dag 1. 'n Lys met 38 notas wat elke draai-punt op die roete beskryf en die rigting met 'n pyltjie aandui. Vreemd maar heel funksionel. En nee, die draaipunte op die roete het nie die nommers gemerk nie, maar die roete is heel duidelik gemerk met bruin voetjies op wit plaatjies of rooi plaatjies teen die bome of rooi verf-rigting pyle op die klippe en bome. Ons het net die gewete waar die roetes begin nie, maar nadat ons vir Tshepo opgespoor het, het hy my gou Vrydagmiddag gaan wys waar is die beginpunt van die roetes. Dit het langer as 'n halfuur geneem, aangesien ons toe agterkom die begin is sowat 800m vanaf ons huise.

↑	1. Start behind Chalet 2, walk uphill	↗	21. follow the path, head slightly right
→	2. Turn right at fence	←	22. at the river bank head left along the kloof
↑	3. Follow fence	→	23. turn right and cross the river by the large rocks
←	4. Go left through gate, continue along dirt road	↑	24. Follow the markers and continue along the kloof
↙	5. At the klipkraal turn left, follow the foot path	→	25. Climb down towards river, sharp right at the barb wire fence pole
↑	6. Pass the graveyard to your left, continue uphill	←	26. At marker, cross the river by the shallow part

Vrydagaand neem die 'Rhebok'-huis-inwoners hulle braairooster na die 'Bremers' en ons braai saam. Daar was 'n voorraadjie hout ook beskikbaar wat ons na die braai vir 'n lekker kuier vuurtjie gebruik het.

Saterdag oggend so 8h00 kry ons mekaar en almal vat die pad na die beginpunt. Op met 'n lekker stywe opdraande, tot by die werkershuisie, af met die stappaadje, oor die bruggie, verby die piekniekarea, gou 'n groeps-foto geneem en dan agter houtchalet 2 begin die roete. Dit was goeie opwarming van so 800 meter. Nou kan ons begin stap. Die bordjie dui aan dit is die 'Long route' en ons doen dit op eie risiko. Verby 'n 'leiklipmyn', deur die hek, op met die pad, afdraai, verby die begraaftplaas en deur 'n Suikerbos plato. Dan is ons sekerlik op van die hoogste punte op die roete en ons kan die klowe en berge rondom ons sien en waardeer. Af met die pad, deur 'n hek, regs by die gebrande boom en afdraand verby die koppies met hulle mooi klippe en aalwyne, in die rigting van die rivier. Die groep het intussen weer ietwat verdeel tussen 'n super vinnige groepie, die flinkes en die agterosse. Die flinkes wag vir agterosse by die rivier met sy mooi groot klippe, siloette in die stil water en groot kranse op die agtergrond aan die oorkant. Almal verkeer rustig en drink die mooi van die natuur en die kabelende stroompie se klanke in.



Dan vat ons die pad, eers langs die rivier stroomop en dan weer bietjie bos verby die 'Caution/Danger' bordjie as ons teen 'n helling weer afdaal rivier toe. Ons is nou Diep in die kloof met die massiewe kranse beide kante van ons. Skoene uittrek, en oor die rivier. Daar is 'n boomstomp geplaas om te help, maar niemand beproef hulle balans so deur daaroor te loop nie. Rustig sit anderkant, voete afdroog, die rustigheid van die natuur inneem en weer skoene aantrek. Onder die 'oorhang/grot' verby met sy grafiti en mosse en varingkies teen die klippe. Dan loop ons weer aan die regterkant van die rivier

stroomop. Weer skoene uit en deur die vlak water die breë rivier kruis.

Net daar met die weer-afdroog-en-aantrek-sessie beland Janie se handoekie in die water en spoel stroomaf. Ons kon hom nie vang nie. Oor die koppies, die veld en bos is maar baie droog hier en reën sal sekerlik waardeer word. Ons volg steeds die rooi plaatjies, rooi merkers op die bome of die bruin voetjies op wit plaatjies. Die



paadjie is mooi duidelik uitgeloopt en gee nie probleme nie. Ons spesiale padkaart is ook in die kol en gee tog bevestiging as mens onseker sou raak. Maar dit gesê, dit is net hier langs die rivier waar 'n paar van die agterstes dink die paadjie wat opgaan na die draad is die beter een en kyk die bordjie wat duidelik af-wys mis. Met





groot moeite is ons vier teen 'n helling deur 'n draad, deur die bosse en uiteindelik terug deur die draad, af met die selfde paadjie en vind dan weer die regte bordjie. Na die avontuur saam met Janie, Magda en Laetitia stap ons nog 'n entjie langs die rivier, dan op die regte plek deur die draad en deur die Poppelier-bos-gang. Ons kruis 'n klein riviertjie waar ons darem oor die klippe kon loop, en deur 'n riet-bos. Hier word eers ge-oes om materiaal te versamel vir penmakery. Weer oor die stroompie. Dan moet mens mooi kyk om die afdraaipad na die waterval se onderkant te sien, anders moet jy bult-op, en weer bult af na die waterval. 'n Paar fotos geneem van die tufa val met sy vreemde vorming dan weer die bult op waar party sommer net gewag het. Hier dink ons is 'n goeie plek vir ete, en na 'n rustige tydjie hier, en net 'n paar honderd meter verder en teen nog 'n bietjie van 'n bultjie uit is ons by die roete se amptelike beginpunt/eindpunt en die piekniekarea met sy afdakkie, mooi grasperke, die swembad wat sy water kry van 'n natuurlike deurvloei van rivierwater. Ek en Laetitia waag dit in die poelietjie in. KOUD!, maar o so lekker en verfrissend. My termometer dui aan 12 grade in die water, maar dit kon kouer word. 'n Groepie van ons kuier nou lekker hier, ek maak tee en almal eet dit wat nog oorgebly het in die sakkie. Die mooiste privaat 'Plekkie' is ook op die rand van die krans gebou met heel indrukwekkende uitsigte op die kloof daar-onder. Hier is ook 'n uitkykdek met 'n paar trappies af sodat mens mooi die tufa-val kan bekyk. Wat besonders is van tufa valle in kort is dat hulle nie rots verweer nie, maar opbou agv die minerale in die water en die eienskappe van die klip en mossie bo-op hulle. Dan begin die weer ietwat wonderig raak en dit lyk na reën wat kom. Ons pak op, oor die bruggie, op met die paadjie, verby die beginpunt van dag 2 se roete, verby die werkershuisie en terug tot by ons huise vroegmiddag. Sowaat 9km gestap vir die dag. Almal verkeer rustig en aangesien dit nog vroeg is stap 'n paar persone sommer vandag gou Sondag se roete. Toe die wonder. Wilna en Christo wat agter gestap het, het die handdoekie stroom-af in die rivier gevind en teruggebring na die regmatige eienaar.



Saterdagagaand weer heerlijk gebraai en gekuier by die 'Bremer's'.

Sondag oggend ry 'n paar persone vroeg en die res begin die 'Short route'. Hier leer ons ook dat dit maar beter om nie kortpaadjies te neem nie en die roete op die regte plek te begin. Ons spandeer eers 'n hele tydjie om die roete te vind wat toe nie begin het waar die voorstappers gedink dit begin nie. Dan die eerste reel van stap volg. Retereer na die laaste bekende plek waar jy voetjies gesien het en seker was, en dan van daar die pad neem. Moet nooit net 'dink' die paadjie loop in die' rigting nie, veral as daar nie aanduidings of voetjies is nie.



Op die regte stappaadjie, deur bosse, verby 'n vervalde ou klipgebou met 'n vars grasdak. Dalk gaan dit ook nuwe akkomodasie word. 'n Bietjie paadjie gesoek in die bosse langs die rivier en dan oor die stukkie avontuur van die dag. Oor die hout-pale bruggie wat 'n tydjie gelede ingestort het, maar die watervlak is laag en daar is genoeg oor van die bruggie om dit nog nuttig te maak. Die sirkel word voltooi en ons eindig weer by die twee hout chalets en die piekniek area.

Ons swem nie weer hier nie, die weer is nie lekker nie. Op met die paadjie, verby die baie bome wat gemerk is met hulle name. Almal begin dan na sowat 3km se stappie op te pak, die laaste tee te drink en vat die pad terug huis toe.

'n Baie mooi roete, redelik kort en maklik, met sy intressante stukkie en uitsigte en mooi rivier tonele, 'n unieke tufa waterval en puik karaktervolle skoon en goed toegeruste akkomodasie met beddegoed. Jy kan hier ook bergfiets ry.

Om te bespreek kontak Ronel by 018 642 2137 of bokkraalwaterfallvalley@gmail.com

#### Bokkraal Finansies:

Uitgawes Totaal	:	R4,603
Roete eienaar (R160 per person per nag x 14 persone)	:	R4,480
3 Sakke Charcoal + 1 Blitz	:	R 123
Inbetalings deur Lede(11) en Gaste(3)	:	R4,710
Projek surplus	:	R 107

#### Jaarafsluiting – Saterdag 6 Desember 2014 - Lapa by Groenkloof-natuurreservaat.

Ek moet teen einde November die finale lys met name aan Groenkloof gee, sodat jy by die hek kan ingaan sonder om weer te betaal. As jy seker is jy gaan die middag bywoon, stuur asb die name van almal in jou geselskap vir ons. Koste R20 per lid en R30 per nie-lid om te help om die koste van die lapa te dra. Die klub dra ongeveer R650 tot die kostes by. Daar sal stoele en tafels wees asook hout vir braai word voorsien. Daar is ook nog plek vir persone wat sou wou





oorslaap teen R70 per persoon. Laat weet asb. Daar is 12 b eddens beskikbaar. Dan kan jy tot laat kuier. Kom sommer vroeg Saterdag as jy wil dan stap ons die oggend die 10km wit roete. Die amptelike funksie sal vroegmiddag begin.

#### Nylsvlei 21-23 November 2015 naby Nylstroom / Modimolle.

Julle kan gerus begin bespreek by Wilna hiervoor. Geen vaste roetes nie, een groot groepssaal (Hamerkopkamp). Lekker naby en goedkoop. Idiaal vir die voël kykers of die wat net rustig wil wees. R225+R10=R235 vir lede en R225+R40=R265 vir nie-lede. Daar is plek vir 16 persone.

#### Drakensberg-Injusiti 3-6 April 2015.

4 persone tent tans in hul eie tente, 2 persone in die safaritente, en 2 persone in die groepsaal wat 8 kan slaap. Daar is tans nog plek vir 7 persone in die groepsaal en 4 persone in die safaritente. Doen asb by my navraag as jy nie meer die inligtingstuk het nie. Wie eerste hul 50% deposito betaal kry die plek. Ek moes reeds die volle bedrag van R8170 oorbetaal aan KZN wildlife en ons het weer kontant nodig vir depositos op volgende jaar se roetes anders kan ons nie roete vasmaak op 'n spesifieke datum nie.

Ons slaap 3 nagte (Vrydag/Saterdag/Sondag) in die kamp en doen dan dagstappe daarvandaan.



#### Sederberge Einde April 2015

Een nag by Algeria Kampterrein en dan 5 nagte in die wildernis in jou eie tent met gaan fasiliteite nie. Jy dra alles saam, rugsak, tent, stofie, slaapsak ens. Die eerste groep van 12 is volbespreek en ten volle betaal. In die 2de groep is tans 8 persone, dus daar kan dalk nog plek wees vir 4 persone. Plaas gerus jou naam op die waglys by Wilna as jy belangstel.

#### Finansies en besprekings.

Ons moet asb op die klubaand elke maand wat die eerste Dinsdag van die maand is of op die laaste die Woensdag die finale getalle kry van wie gaan saam. As jou naam op die lys was en jy gaan nie meer nie, laat weet asb, anders moet ons almal opvolg wat baie tyd neem en keer op keer is daar mense wat nie meer gaan nie. Dit gaan nie lekker wees vir jou om te moet betaal omdat jou naam op die lys is en jy nie meer gaan nie. As jou naam op die lys is en daar plek is moet ek jou gelde met 'n inbetalings bewys in die week van die klubaand kry. Ek kan nie gelde oorbetaal aan 'n roete eienaar as jy nie jou gelde aan ons oorbetaal het nie en ek wil graag net een finale betaling aan die roete-eienaar maak. Jy is welkom om meer as een roete/item/persoon se gelde saam te betaal, stuur net aan my, Marius by MariusStanderPTA@gmail.com dan 'n uiteensetting van hoe jy by die bedrag uitkom. As jy gaste saamneem gee dan asb ook hulle volle name en kontak nommers en e-pos adres aan ons sodat die stapperslys volledig kan wees. Nie net 'Willem en vriend' nie asb.

#### Webtuiste: [www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za)

Die 2015 Jaarprogram met skakels na die (meeste) staproetes se onderskeie webtuistes/inligting is opgelaai. Die 2de deel van die jaar se roetes moet nog by die onderskeie roete eienaars en besprekings agente vasgemaak word, maar die datums sal nie verander nie. Hou dus jou dagboek oop vir die naweke en bespreek en betaal so gou moontlik om teleurstelling te voorkom.

*Silvia, baie dankie vir jou flinke en netjies proeflees en regmaak. Ons almal waardeer dit.*

Vriendelike stap groete

**Marius Stander**

**[www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za)**

Epos : [MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com)

Selfoon : 083 305 6223

Werk : 012 998 6267 x 116

